

PREEK
12 NOVEMBER 2017

Teks: Hebr. 11:8-10

Tema: Verandering: Hoe om grense oor te steek

Die oorsteek van grense is 'n normale, dog nie natuurlike saak nie....Die lewe forseer ons dikwels oor grense. Dit verg aanpassing, is ontwrigtend en dikwels pynlik. Daarom bied ons weerstand. Dit is immers "baie veiliger, geriefliker en stel minder eise aan ons om binne ons gemaksone te bly. Ons beleef dié oorgange ook nie dieselfde nie. Sommige pas makliker aan as ander. Tog hou dit ook diep verskuilde voordele vir onself en die wêreld om ons in.

Dink byvoorbeeld aan die geboorte van 'n baba. Dit is 'n groot skuif van die veilige ruimte van die baarmoeder tot in 'n omgewing wat groot uitdagings stel en aanpassing vra. So is die oorgang van die huis na die skool, van die skool na die universiteit/werk, van enkel na getroud/gesin, van gesin na die sogenaamde leë nes, van die vol loopbaan lewe na aftrede, van onafhanklik/selfstandig/eie huis na aftree-oord ens. Hoe hard ons ook al weerstand bied ons word deur die lewensritmes van die een na die ander geforseer.

Naas die meer individuele persoonlike oorgange is daar natuurlik ook ander ontwrigtende oorgange wat sy tol eis: bv. dié van een politieke stelsel na 'n ander, egskending, wanneer iemand sy/haar werk verloor, die verlies van dierbares, verlies aan selfstandigheid a.g.v. ongeluk/siekte ens.

Wat help ons om die oorgange nie slegs te oorleef nie, maar om dit uiteindelik suksesvol deur te gaan. Uit die Abraham-verhaal ontdek ons die volgende sleutels:

1. Wanneer jy ontdek dat jou verhaal deel uitmaak van 'n groter Godsverhaal.
2. Wanneer jy in onsekerheid die vastheid van vertroue in God Drie-Enig vind.
3. Wanneer ons mekaar oor die bruggies bystaan.
4. Wanneer jy aanhou droom.

Abraham se verhaal, al het hy dit toe nog nie verstaan nie is ingevleg in 'n veel groter Godsverhaal. **Fase 1** van die Godsverhaal speel af teen die agtergrond van die sondeval en die gevolge daarvan (Gen. 1-11). Die mens, as God se verteenwoordiger, ontvang sy kultuuropdrag (Gen. 1:28v).

In vryheid kies die mens om sy eie kop te volg en hom nie aan God se reëls te steur nie (Gen. 3:8v). Die skrywer van Gen. 1-11 beskryf die akkumulatiewe effek wat sonde het (Gen. 4:8; 6:5; 11:4). Op sonde volg God se oordeel (Gen. 10v; 6:6-7; 11:8) en kort op die hake daarvan God se genade (Gen. 4:13v; 6:8; 12:1-3).

Fase 2 van dié Godsverhaal begin met die roeping van Abraham. Toe alles wat aan die begin goed was (Gen. 1), in Gen. 11 met die verstrooiing van die mensdom oor die aarde tot niet gaan, begin God weer voor. Nou roep hy Abraham, gee beloftes en maak sy wêreldplan bekend; nl. dat God se seën via die Abraham-lyn sy vloek oor die mens sou vervang (Gen. 1-3). Abraham gee onmiddellik gehoor en trek uit sy vaderland en weg van sy familie af na 'n nuwe, vreemde land. Hebr. 11:8 sê: hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. In dié preek fokus ons op dié wegtrek uit die bekende na die onbekende. Met ander woorde: Abraham verlaat sy gemaksones en beweeg na die vreemde/onbekende....'n plek van ongemak! Ter illustrasie gebruik ons die voorbeeld van smarties. Smarties moet uit die boks kom sodat dit geëet kan word. In die boks is die smarties veilig. Daar bedreig

geen gevaar hulle bestaan nie. Sodra hulle uit die boks beweeg, word hulle met groot risiko's gekonfronteer. Mense eet hulle op. So word hulle buite die boks deel van 'n veel groter verhaal; nl. energiebron vir mens-aktiwiteite. Daarvan weet hulle aan die begin min. Smarties is ook nie geskep om in die veilige ruimte van 'n boksie gebêre te word nie. Hulle is geskep as energie-bron in 'n groter verhaal. Wanneer hulle toelaat om uitgehaal te word, word hulle instrumenteel deel van dié groter verhaal.

So was dit ook met Abraham. Hebr. 11:6 sê: "omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek..." Baie ver in die pad af, so vertel die Evangelies, is Jesus uit die nageslag van Abraham gebore om verlossing (=seën i.p.v. vloek) vir die wêreld te bring (Joh. 3:16v). Paulus sluit hierby aan en sê dat Abraham die vader van alle gelowiges (Jode/nie-Jode) geword het (Rom 4:11-12, 16-18). Abraham se wegtrek uit sy gemaksone het hom dus op die pad geplaas waarlangs God Sy verlossingsplan wou uitvoer. Uit sy verhaal leer ons dat wanneer God roep ons gehoor moet gee. Al weet ons vooraf min van die uitkoms in terugskoue sal ons dit wel ontdek. Of soos 1 Kor. 13:12b dit stel: "ons ken nou maar ten dele, maar eendag sal ons ten volle ken....."

Abraham het weggetrek omdat hy **geglo** het. In Gen12:1-3 lees ons 4 keer dat God sê "Ek sal"

- * **Ek sal** vir jou die land aanwys (vs 1)
- * **Ek sal** jou 'n groot nasie maak (vs 2)
- * **Ek sal** jou seën en 'n man van groot betekenis maak"
- * **Ek sal** seën wie jou seën....(vs 3)

Die "Ek sal" is die beloftes wat God aan Abraham gemaak het. Nou sê Hebr. 11:8 "omdat Abraham **geglo** het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na 'n plek toe wat hy as erfdeel (=belofte) sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. Abraham se geloof in God was 'n vaste vertroue in God wat nie verander nie (Ps. 102:27). Sy liefde/genade staan onwankelbaar vas. Hy doen wat Hy belooft. Dit is God se karakter. Hy is betroubaar. Omdat Abraham soos Henog en Noag met God gewandel het (Gen. 24:40) het hy God so leer ken. Gehoorsaamheid volg op God se opdrag juis omdat "Ek sal" 4 keer in Gen. 12: 1-4 daar tussen geskryf staan. Blinde gehoorsaamheid aan God is die gevolg wanneer jy Sy hart (=Homself) in 'n saam-stap verhouding leer ken. Dit het Jesus ook gesê (Joh. 14:15). Die liefde verdryf die vrees vir die onbekende, onsekere toekoms en pad wat daarheen lei.

Abraham het dié tog die vreemde in nie alleen aangepak nie. Sy gesin het saam met hom getrek. Sarai, Lot en sy werkers was deel van sy gesin en het hom gehelp/ondersteun. In die Nuwe Testament verneem ons dat mede-gelowiges deel is van God se huisgesin – mekaar se broers/susters (Efes. 2:19). Ons het die verantwoordelikheid om vir mekaar te bid, te inspireer, te ondersteun, te vermaan, te help ens. Wanneer God ons dus roep, is ons verseker van Sy troue liefde en word gerugsteun deur diegene wat saam met ons en God op reis is as medewerker aan Sy Koninkryksplan.

Nou kan dit maklik gebeur soos wat dit met die grootste deel van Abraham se nageslag in die Ou Testament en in Nuwe Testament [met die latere generasies van gelowiges] (vgl. Hebr. 3-4) gebeur het dat jy van God se pad afdwaal en/of terugbeweeg in jou gemaksone. Beide is tekens van ongehoorsaamheid. En ongehoorsaamheid plaas jou op 'n ander weg – daar waar jy God se bedoelde seën verbeur. Daar tref Sy oordeel jou. Wat het gemaak dat Abraham tot die einde volhard het. Hebr. 11:10 sê hy het uitgesien na die stad wat vaste fundamente het en waarvan God self die bouer is". Met dié beeld sien ons dat Abraham

nooit ophou droom het nie. Hy wou elke dag asof van vooraf verras word deur te sien/beleef wat God aan die doen is – dit wat vasstaan en ewig is. Elders praat die Bybel van hoop wat nie beskaam nie. Abraham, het elke dag met nuwe hoop opgestaan. Sy hoop is nie gebou op wat mot en roes kon vernietig nie, maar is op die onvernietigbare Woord van God gebou.

As gemeente is ons ook in 'n oorgangsproses. Ons noem dit die omdraai-strategie. Nie almal is gemaklik met dié proses nie. Sommige pas makliker aan as ander. Tog, as ons geestelik wil groei en uitbrei het ons nie 'n keuse nie.

In die proses groei ons en verdiep ons. Ons word gevorm soos die klippies wat op die seestrand uitspoel, en ons groei soos boompies wat uitgeplant word. Die hele proses word al meer duidelik wanneer ons terugkyk. Uiteindelik word ons, soos Abraham in God se lewensdrome die vader, moeder van diegene wat uit my storie leer. Maar dan moet ons toelaat om ook deur die lewensstrome meegesleur te word en/of uit die veilige kweekhuis in die ooptes oorgeplant te word. Ons moet uit ons "boksies" kom. So en so alleen word ons klein verhale deur God in Sy groot verhaal ingevleg.

Om oor na te dink:

1. Watter oorgange moes jy al deurmaak?
2. Hoe het jy dit beleef?
3. Wat het jou gehelp om deur dit te kom?
4. In watter fase van oorgang is jy nou?
5. Hoe help die Abraham-verhaal jou?

AMEN